Laerskool Queenswood

Omsendbrief 37

30 November 2011

Geagte Ouers en Voogde

NASKOOLGELD 2012:

Naskoolgeld per leerder beloop R380.00 per maand. Dit is betaalbaar vanaf Januarie tot November 2012, ongeag vakansies.

Indien u kind die naskool in Desember 2011 bywoon, moet u asseblief voor die begin van die vakansie, R10.00 per dag by die finansiële kantoor inbetaal.

Die naskool is oop tot 15 Desember 2011 om 13:00.

KERKAFSLUITING:

Die jaarlikse kerkafsluiting vind Donderdag, 1 Desember 2011, om 08:00 in die NG-kerk, Garrettlaan plaas. Alle ouers, veral graad 7 ouers, word vriendelik uitgenooi om hierdie besondere kerkdiens by te woon.

RAPPORTE:

Leerders kan op 9 Desember 2011, tussen 08:00 en 10:00, hulle rapporte by hul voogonderwysers kom afhaal. Indien dit nie moontlik is nie, stuur asseblief 'n gefrankeerde koevert na die skool voor of op Vrydag, 2 Desember 2011.

BETALINGSOOREENKOMS:

ALLE ouers wat kinders in graad 1 tot 7 in die skool het, het verlede week die betalingsooreenkoms vir volgende jaar ontvang. Die keerdatum om die ingevulde ooreenkoms terug te stuur, is 30 November 2011. Ons versoek u vriendelik, dog dringend, om dit volledig ingevul en op al die plekke wat op u van toepassing is by te teken. Volgens Departementele reëls kan geen leerder geregistreer word sonder dat hierdie ooreenkoms volledig ingevul is nie.

"SPARE RIBS" EN SPEK:

Baie dankie vir u ondersteuning deur die jaar.

Die laaste bestelling vir die jaar is afgelewer en leerders kan dit by mev. Ludick gaan afhaal.

PERSONEEL VERJAAR:

Baie geluk aan mev. Dinelle Zerwick en mej. Danelle Willemse wat gedurende die Desembervakansie verjaar. Ons wens hulle 'n geseënde nuwe lewensjaar toe.

TOTSIENS:

Ons is baie jammer om van die twee dames in finansies afskeid te neem. Ina Burger verhuis na Witbank en Elize Joubert na Kaapstad. Baie dankie vir die reuse taak wat julle by Laerskool Queenswood verrig het. Ons beste wense vergesel julle!

'N WOORD VAN INA:

Na bykans 6 jaar by Laerskool Queenswood het die tyd aangebreek dat ek u moet groet, aangesien ons eersdaags verhuis na Witbank.

Ek wil graag die Hoof, Personeel, Beheerliggaam, en elke Ouer bedank vir die vertroue wat u in my gestel het om met die Skool se finansies te werk.

Ek het elke oomblik daarvan geniet en sal julle nie vergeet nie – van "V64" tot die Pa wat nie kon onthou in watter graad sy kind is nie.

Mag Laerskool Queenswood, en julle as Ouers, in 2012 'n baie Geseënde jaar beleef.

Q'Wiet Groete,

Die Geldtannie (Ina)

Punte van belang:

Naskoolgeld

Kerkafsluiting

Rapporte

Betalingsooreenkoms

"Spare Ribs" en spek

Verjaar

Totsiens

'n Woord van Ina

WINSKUNDE HANDBOEKE:

Alle graad 6 en 7 leerders het vandag 'n brief ontvang waarin aangedui is in watter toestand hulle wiskunde handboek is. Indien die handboek herstel of vervang moet word sal dit op die skrywe aangedui wees. Geen leerders sal 'n rapport ontvang voordat die herstel– of vervangingskoste van die boek betaal is nie.

MA'S WAT OMGEE:

Sien asseblief aangehegte skrywe.

BEHEERLIGGAAM SÊ DANKIE:

Namens die Beheerliggaam, wens die Voorsitter, mnr. van Herk, 'n ieder en elk van die onderwysers, ouers en kinders 'n ware Christusfees toe. Dankie vir 'n jaar se saamwerk, saampraat en die geniet van elke ouer se kind. Sonder u kinders sou ons niks hê om na terug te kyk nie.

Mag die feestyd vir elkeen van julle 'n tyd van nuwe belewenis van die Vader se liefde, in Christus Jesus wees. Mag jul wandel met Hom in die nuwe jaar telkens nuut gemaak word deur die werk van die Heilige Gees.

UIT DIE HOOF SE PEN:

Baie dankie aan al ons ouers wat ons skool so positief ondersteun het deur die jaar, dankie vir al die dankies wat ons daagliks van u ontvang, dit maak ons moeilike taak baie makliker. Dankie aan elke leerder wat ons met die nodige respek behandel, ek glo jy sal ook die nodige respek in die toekoms ontvang. Dankie aan elke personeellid wat onderwys as 'n roeping hanteer en elke kind soos sy/haar eie hanteer. Aan ons Skepper alle eer, dankie Vader dat die voorspoed die teenspoed oorskadu het.

'n Geseënde Kersfees word u toegewens en mag 2012 vir ons almal 'n uitdaging wees.

Ons sien daarna uit om u op 18 Januarie 2012 by die skool te ontvang.

Vriendelike groete

_____

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Wiskunde Handboeke

Ma's wat omgee

Beheerliggaam sê dankie

Uit die Hoof se pen